ARCHIVES
Mountain House
CAUX (VD)



# EN WAARNATOE NOU ?

*'n Eenvoudige gids vir:*

*Die wêreld van vandag—*

*Wat dit aan die gang hou—*


*Wat ons daaraan kan doen.*

*Geoutoriseerde vertaling van WHERE DO WE GO FROM HERE?*
*(Blandford Press)*



Waarde medeburger en
broer in die verknorsing,
Miskien het u ook al, net
soos ons, die kriewelrige
gevoel gehad dat ons op 'n
vuurspuende berg lewe. 'n
Mens weet nooit wanneer die
hele affêre gaan uitbars nie.
Dus het ons besluit om te
gaan kyk wat in die wêreld
aangaan, wat ons in die huidige
gemors laat beland het, en wat
ons daaraan kan doen.
Opreg die uwe,
Hans en Karel

*Baie duisende jare gelède*
*was daar 'n*





*en toe was daar 'n*




*. . . en glo omtrent 7000 jaar gelede*

*was daar die* **BRONS-TYDPERK**



en die




# YSTER-TYDPERK..

*en slegs 180 jaar gelede het iemand 'n krag begin toepas wat so oud is soos die wêreld self.*





*en dit het ons gebring in - - - -*



# *die INDUSTRIËLE TYDPERK*

# en nou trek ons




die...

# ..ideologiese tydperk in



*Ja,*

*die*

## IDEOLOGIESE TYDPERK

*99°/₀ van die 2,400,000,000 mense in die wêreld vandag besef dit nie.*

*Dis al erg genoeg, want dit gee aan die 1°/₀ wat dit wel insien, 'n buitengewone mag.*

*U kan slegs begryp wat in die wêreld aangaan, as u begryp wat 'n IDEOLOGIE is.*



*Weet u . . . . ?*



Wat is 'n Ideologie?
VRAAG
TIK HIER AF
WEET NIE
TRAAK MY NIE
HOU NIE VAN DIE WOORD NIE
'N BIETJIE GEÏNTERESSEERD
✓
*
* Almal wat hier 'n tikkie maak, lees verder.



*Ons het ontdek:*

★ *'n* **IDEOLOGIE** *is 'n geloof*
*wat mense en volke aangryp;*

★ *'n ideologie verskaf die* **IDEES,**
*die* **BESIELING**
*en 'n* **PLAN** *om die wêreld te verander;*

★ *en dit bring 'n strydmag* **MENSE** *tot stand*
*om dit te doen.*

# IDEES *gee vandag die deurslag—*


*Die toekoms hang af van watter idee die denke van die miljoene aangryp.*

*Byvoorbeeld . . . .*



*. . . laat ons 'n paar*

*bekende ideologieë nader bekyk.*





# *No. 1:* NASIONAAL-SOSIALISME

★ *Een man - HITLER - het 'n IDEE gehad.*

★ *Die idee was: EEN RAS SAL HEERS*

★ *Hy het 'n boek geskryf: - MEIN KAMPF*

*Hierdie idee het in die hart en die gees van miljoene mense weerklank gevind. Binne 'n paar jaar het 'n ontredderde land sterk genoeg geword om die hele wêreld uit te daag.*

*Ons weet almal wat toe gebeur het.*



WAT U OOK AL VAN HIERDIE IDEES DINK

## *No. 2:* **KOMMUNISME**

★ *Een man - MARX - het 'n IDEE gehad.*

★ *Die idee was:*

*EEN KLAS SAL HEERS*


★ *Hy het 'n boek geskryf:*

*DAS KAPITAL*



*Hierdie idee klink aantreklik vir miljoene wat meen dat die wêreld verander moet word en dat revolusie die enigste realistiese manier is om dit te verwesenlik. Elke land word in meer of mindere mate hierdeur beïnvloed, en vandag beheers hierdie idees reeds die helfte van die wêreld.*

**U MOET TOEGEE DAT HULLE MENSE OORHAAL**


WAT HET DIT NOU MET ONS TE DOEN ?




NIEMAND

*op hierdie aardbol kan buite die invloed van die ideologiese stryd bly nie, selfs nie in die mees afgeleë streke nie.*

*Orals, in*

*elke land*


*elke fabriek*

*elke vakvereniging*


*elke universiteit*

*elke koerant*


*strek materialistiese idees hul vangarms uit om die denke van mense beet te pak.*





DIT MAG WEL SO WEES, MAAR
DIT KAN NIE HIER GEBEUR NIE



**WAAROM** *vlug atoomgeleerdes uit hulle land uit ?*



**WAAROM** *dra manne in vertroulike posisies staatsgeheime oor aan 'n vreemde moondheid ?*



**WAAROM** *is dit dat selfs regeringsamptenare uit die hoogste kringe die loop neem?*

# OMDAT 'N IDEOLOGIE HUL HELE WESE BEETGEPAK HET

# HOE 'N IDEOLOGIE MAG KRY OOR MENSE EN VOLKERE

*VISHINSKY het gesê:*

*,, Ons sal die wêreld verower, nie met atoombomme nie, maar met ons idees, ons verstand en ons leerstellings.''*

*IN DIE IDEOLOGIESE TYDPERK behoort die toekoms aan diegene wat weet hoe om met idees mense se harte te wen.*


MAAR DIE KOMMUNISTE HET MOS NIE 'N VERTEENWOORDIGER IN DIE PARLEMENT NIE !

*,, Al het ek my setel in die Parlement verloor, het die Kommuniste 450,000,000 mense in Sjina bygekry.''*

KOMMUNISTIESE KANDIDAAT VIR DIE BRITSE PARLEMENT

*,, Die groot strydvrae sal nie in die arena van die reaksionêre Parlement beslis word nie, maar deur die stryd van die arbeidersmassa in die fabrieke en op die strate.''*

SEKRETARIS VAN DIE BRITSE KOMMUNISTIESE PARTY



DIT LYK MY ONS SPANDEER MILJOENE OP BEWAPENING—DIS SEKER OOK MAAR DIE ENIGSTE MANIER OM ONS TE BEVEILIG !

*Deesdae het ons nie net 'n roer in die hand nodig nie—*

*Ons het 'n idee in die kop en 'n oplossing in die hart nodig.*

*Inderdaad, in die laaste jare is nasies oorgeneem sonder dat daar een skoot geval het.*

*In die moderne*
*oorlogvoering*
*word volke*
*deur idees*
*oorrompel*
*voordat hulle deur*
*wapens*
*oorwin*
*word.*



*Jy kan nie 'n IDEE*
*verslaan deur*
*daarteen te wees, of*
*daaroor te swyg, of*
*daarop te skiet nie.*

**TEENOOR 'N IDEE**
**KAN JY SLEGS**
**'N BETER IDEE STEL**

# *Wat is hierdie beter idee*

? ? ? ? ? ? ?



*(Nou eers so 'n bietjie wag om asem te skep en tee te drink terwyl u 'n vel papier neem en neerskryf wat, volgens u, hierdie beter idee is.)*



*Die Nasionaal-Sosialistiese idee:*

'n Nuwe orde -

deur die oorheersing van een ras.

*Die Kommunistiese idee :*

'n Nuwe gemeenskap -

deur die oorheersing van een klas.

*Die Beter idee :*

'n Nuwe wêreld—

deur die oorheersing van een idee :

*„ Nie wie het reg nie,*

*maar wat is reg—"*


WAT IS REG?
HOE MOET EK WEET
WAT REG IS?
STAATSGREEP
PREMIER VLUG
Diktator sê, Maak soos ek sê
STAKING
Geslagsmisdaad Neem Toe
VREDESBERAAD BREEK AF
Baas sê Ons is Reg!
VROUE Spyt
Onluste in Asië
Arbeidsgeskil versleg
Myn-werkers Eis Optrede
Minister Beskuldig die Ooste

*Daar is ABSOLUTE MAATSTAWWE*
*vir die menslike samelewing—*
*net soos daar is vir die tegniek.*

*Wat vir 'n gebou sou ontstaan*
*as argitek en bouaannemer*
*hulle nie hou aan erkende maatstawwe nie?*




*Omdat ons nie*
*ABSOLUTE MAATSTAWWE*
*in ons daaglikse lewe toepas nie,*
*is daar gevaar dat die samelewing*
*in duie gaan stort.*

*Hier is die maatstawwe . . . .*






HIERDIE MAATSTAWWE IS DIE




VIER PILARE VAN 'N NUWE TYDPERK

**Vr.** *Goed, maar waarom ABSOLUUT?*

**A.** *Omdat die wêreld 'n gesag nodig het, wat almal kan aanvaar.*

*Trouens*
*'n maatstaf moet*
*ABSOLUUT wees, anders*
*is dit g'n maatstaf nie.*



*WIE wil 'n valskerm hê*
*wat amper oopgaan?*

*WIE wil 'n boot hê*
*wat meesal dryf?*

*WIE wil 'n eier hê*
*wat amper goed is?*




MAAR
WIL JY NOU
SÊ 'N MENS
MOET
VERANDER
?

JA,

*dit beteken inderdaad*
*VERANDERING*

*Maar VERANDERING is die SLEUTEL tot die wêreld van vandag. Dis 'n veranderende wêreld, en om daarin te kan klaarkom moet 'n mens - - - - - -*

*(Skryf hier een woord van 8 letters neer, wat aanpassing by sulke wêreldtoestande beteken.)*



*Elkeen wil hê die ander*
*een moet verander.*





*Elke volk wil hê die*
*ander volk moet verander.*





*Maar elkeen wag vir die ander*
*een om te begin.*



AS JY IETS AAN DIE WÊRELDTOESTAND WIL DOEN, BEGIN DAN MET . . . . . . . . . . . JOUSELF


*(en jou eie volk)*



# HOE KAN EK VERANDER?

*,, Die mens moet kies*
*om deur God geregeer te word,*
*of hy verdoem homself*
*om deur tiranne*
*oorheers te word."*

WILLIAM PENN



DEUR 'n wonder van die wetenskap kan die mens oor die radio tot miljoene spreek. Deur 'n wonder van die Gees kan God tot elke mens spreek. In elke gesin, in elke bedryf, in elke regering kan 'n mens Sy stem hoor.

As die mens luister, spreek God.

As die mens gehoorsaam is, werk God.

Dit maak nie saak wie jy is of waar jy is nie. Duidelike en doeltreffende aanwysings kan van die Gees van God na die gees van elke mens kom wat bereid is om gehoorsaam te wees aan Sy bevele.

Dit is die revolusie
wat 'n end maak aan alle revolusies,
deurdat dit die menslike natuur verander
en mense en volke vernuwe.

FRANK BUCHMAN

*God het ons*
*TWEE ORE*
*en*
*EEN MOND*
*gegee :*





*Waarom luister ons nie tweekeer soveel na Hom as wat ons praat nie?*

*Dis die moeite werd om te oorweeg:*


*IS EK DEEL VAN DIE GENESING OF VAN DIE SIEKTE IN DIE WÊRELD ?*

*Dink daaroor na:*
*'n Mens kan nie 'n goeie omelet uit slegte eiers maak nie.*






*Neem pen en papier.*
*Skryf u gedagtes neer.*
*Hulle lyk miskien*
*doodgewoon, maar*
*wees eerlik--absoluut*
*eerlik.*
*Miskien is daar dinge*
*wat u moet gaan regmaak.*
*Nou hoe wou u dan anders*
*'n nuwe wêreld opbou?*







*Dink u miskien nog dis nie*
*nodig om te verander nie?*
*Dink u u is mans genoeg*
*vir alles wat voorlê?*

DIT WAS OOK DIE SIENSWYSE
VAN DIE . . .

# ... DINOSOURUS




Die woeste knewel uit die oertyd,
Het hom met iets gekul:
Hy kon nie aanpas by sy tyd—
En nou's hy net 'n nul.

*Dis 'n feit dat . . .*

Die menslike natuur kan verander—

*dit is die kern van die oplossing.*

Die ekonomiese stelsel kan verander—

*dit is die vrug van die oplossing.*

Die wêreldgeskiedenis kan verander—

*dit is die bestemming van hierdie eeu.*




# NUWE MENSE

# NUWE VOLKERE

# ’N NUWE WÊRELD





*In die eeu waarin ons geleer het*

*om die atoom op te splits,*

*moet ons leer*

*om die mensdom te verenig.*

**DIS ÓF SAAMSTAAN**
**ÓF SAAM VERGAAN**

*By elke onderhandeling—*




**NIE WIE HET REG NIE,**




**MAAR WAT IS REG**


*Dan sal die* **NYWERHEID**

*die welvaart en werk van die wêreld*

*aan almal beskikbaar stel,*

*niemand sal uitgebuit word nie . . .*





*en die* **WERKERS** *sal die wêreld*

*verenig.*



*Hierdie*

*geïnspireerde*

IDEOLOGIE

*is vir*

*iedereen*

*orals.*

*Dis die geleentheid*
*vir die gewone man*
*om die wêreld te herbou.*



## *Met hierdie* IDEOLOGIE *sal:*

| | |
|---|---|
| NYWERHEDE | *genoeg produseer vir elkeen se behoeftes.* |
| GESINNE | *die opkomende geslag van chaos bewaar.* |
| LEËRS | *morele opleiding van 'n nuwe kwaliteit aan hul volke gee.* |
| REGERINGS | *en diplomate hul taak op sy beste vervul, omdat hulle in staat is om van vyande vriende te maak.* |
| VOLKE | *afsydigheid, ontmoediging en verdeeldheid te bowe kom.* |

*Met hierdie ideologie is*

RENAISSANCE ONWEERSTAANBAAR

*Dit is ons toekoms—en dit kan verwesenlik word !*

Dis wat ons ontdek het.
En wat so belangrik is: hierdie idees is in meer as 100 lande beproef, en geblyk prakties to wees.

Die resultate was verbasingwekkend. Dit sal u self ondervind as u dit in u gesin en in u werk begin toepas.

Skryf aan ons as u meer daarvan wil weet.

Opreg die uwe,

Hans en Karel

N.S.
Lees ook "De Wêreld Herbouwd" of "The World Rebuilt" deur Peter Howard, wat talle feite gee.

U KAN ONS BEREIK
P/A MORELE HERBEWAPENING.
HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG.

*'n Eenvoudige gids vir:*

*Die wêreld van vandag—*

*Wat dit aan die gang hou—*

*Wat ons daaraan kan doen.*

